

21 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 25 en 26

Fokusgedeelte: 1 Samuel 25

Dwaasheid oorwin deur wysheid

Op sy vlug voor Saul ontmoet Dawid 'n skatryk man met die naam van Nabal. Hy was 'n regte korrelkop, 'n onbeskofte lummel (25:3) en 'n dwaas (25:28). Daarby was hy ook nog 'n suinige vrek. Toe Dawid vir hom en sy manskappe kos vra, is hy beledigend en noem Dawid 'n wegloperslaaf. By die aanhoor van hierdie woorde breek Dawid se selfbeheersing soos 'n damwal voor die waters. Woedend neem hy 'n dwase eed: "Mag God my deur my vyande om die lewe bring as ek teen môreoggend nog enige manspersoon van Nabal laat oorbly" (25:22).

Maar God gryp egter genadiglik in deur middel van die vrou van Nabal, Abigajil. Toe sy by Dawid kom, neem sy die skuld op haarself (want sy weet Dawid sal hom nie op 'n vrou wreek nie). Daarna pleit sy by Dawid om die saak nie in eie hande te neem nie, maar aan die Here oor te laat. Met wysheid oortuig sy Dawid dat sy wraakoptrede dwaas sal wees. Toe Nabal die volgende oggend van die dinge hoor, kry hy 'n beroerte-aanval en sterf tien dae later. Dit het Dawid opnuut laat beseef dat hy sake rustig in die hande van die Here moet oorlaat.

Dit vat soms minder as 'n Nabal op ons lewenspad om ons selfbeheersing te laat verloor en woedend-kwaad te word. Mag ons met alle mag daarteen stry! Onthou: die vrug van die Gees is selfbeheersing (Gal 5:23). Onthou ook wat Jesus gesê het: "Julle moet julle vyande liefhê" (Matt 5:44). Moenie self wraak neem nie, maar laat dit oor aan die oordeel van God (Rom 12:19).

Sing: Psalm 36:2

Dr CJ Malan (Emeritus)